

# Woensdag 14 April

Skrifgedeelte: Filippense 1:27 –  
2:11

Fokusgedeelte: Filippense 2:1-  
2, 5

## **Die gesindheid wat gelowiges eensgesind maak**

Maak my diep gelukkig deur eensgesind te wees, parafraseer ek Paulus (2:2). Maar eensgesindheid kom nie sommer so maklik nie. Ag, ek wil nie eers voorbeelde van ons onenighede noem nie – want net om voorbeelde te noem, krap almal om.

Die Gees skuif egter hier die ontblotende lig weg van strydpunte na die gesindheid agter die stryd. Eensgesindheid vra een liefde, een hart, een strewe. Dit vra iets anders as dat ons oor iets saamstem. Dit vra dat ons met dieselfde gesindheid lewe – selfs as ons van mekaar verskil.

En dan, so verduidelik die Gees verder, een in Jesus se gesindheid (2:5). Die Gees sing Jesus se gesindheid (2:6-11): Jesus tree af uit die hemel aarde toe en buk onder ons menswees in, Hy tree nog verder af deur 'n misdadiger se skandedood vir ons misdrywe te sterf, selfs nog verder af die graf in om ons straf in sy diepte te dra.

Hoekom? Omdat Hy die vernedering verdien het? Nee, omdat Hy ons deur sy gesindheid van selfverloëning wou red! En dit is presies sy gesindheid wat agter die eensgesindheid van gelowiges lê. Ons is mos deur Jesus se gesindheid omhels en opgetel na 'n lewe met Hom. Deur sy Gees vloei Jesus se gesindheid deur ons sodat ek uit die pad tree, sodat ek jou kan optel (2:3-4).

Natuurlik sal gelowiges soms van mekaar verskil. Ons kyk immers nog deur 'n spieël in 'n raaisel. En in ons saam soek na God se wil moet ons dinge uitpraat. Maar die gesindheid agter ons praat – Jesus se gesindheid van selflose liefde – bepaal of die toeskouers hulle verlekker oor hoe gelowiges stry en of hulle verwonderd oor die omgekeerde Goddelike logika sê: “Waarlik, Jesus Christus is Here!”

*Sing: Psalm 134-1:1, 2*

*Ds. JP Fleischmann (Johan) (Kaapstad)*